Universiteitsoord Eerstejaarskampe 22-26 Januarie 2018

Liewe kollega

Dis vir ons by Universiteitsoord 'n voorreg om met jou hande te vat in die bediening van die jongmense van ons kerk. Ons sit graag die groot werk voort wat jy reeds oor jare al gedoen het in die lewens van die jongmense in julle gemeente. As deel daarvan hou ons vir meer as veertig jaar lank al Eerstejaarskampe om jongmense te begelei in die oorgang na die universiteitslewe.

Baie van ons, of van ons kinders, was dalk self op een van Universiteitsoord se eerstejaarskampe en sal kan getuig van die ongelooflike waarde wat die kamp het om jongmense toe te rus vir al die fisiese en geestelike uitdagings wat die studentelewe inhou.

Ons sien en ervaar elke jaar die vrug van die eerstejaarskampe en is oortuig dat dit ook is waartoe die Here ons roep, naamlik om jongmense met hierdie uiters moeilike oorgangsfase in hulle lewe te help. Daarom neem ek graag die vrymoedigheid om jou te vra om ons te help met die bemarking van ons eerstejaarskampe onder julle voornemende Tukkie-studente

'n Bediening aan studente sonder vennootskap met die student se tuisgemeente is net nie moontlik nie. Daarom nooi ons jou ook graag uit om te enige tyd een van ons studenteleraars te kontak sou jy graag iets rakende 'n student wil bespreek, of as jy sommer net iets onder ons aandag wil bring.

Baie dankie vir jou goedgesindheid en ondersteuning.

Groete in Christus!

Fritz Snyman

(Namens Universiteitsoord Studenteleraars) .

Jy is welkom om enige verdere navrae oor inskrywings na ons webblad www.universiteitsoord.co.za te verwys.